basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ’n NUWE bladsy.

4. Trek ’n streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ’n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die tekste hieronder en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**TEATER VAN DIE GEDAGTE SE SWANESANG*?**

*Dekades voordat die televisiesepie 'n aanslag op kykers gemaak het, het 'n ander medium luisteraars gaande gehad. Kenners sê dié medium het 'n knou met die koms van die kykkassie gekry en nog meer met die Internet wat die wêreld tot binne-in ons huise gebring het.* ***Sven Hugo*** *het gaan ondersoek instel om te kyk – en te luister – na die huidige stand van radiodramas.*

1 Jare gelede het radiodramas jonk en oud vir ure vermaak.

2 Voordat verslaafdes aand ná aand vir die nuutste intriges van werklikheidsprogramme en sepies soos byvoorbeeld *7de Laan* of *Generations* (twee van Suid-Afrika se gunstelingsepies) voor die TV tot stilstand gekom het, het onsigbare karakters gehore se verbeeldings geprikkel. Nog 'n verskil: luisteraars moes self besluit hoe hul gunstelingkarakters en dié se omgewings lyk. Vandag is dit anders: gesoute sepievervaardigers soos Duma Ndlovu van *Muvhango* of Danie Odendaal van *7de Laan*-faam bepaal die voorkoms van die karakters én hulle omgewings.

3 Leon van Nierop, emeritusprofessor in filmstudies by die Tshwane Universiteit van Tegnologie en skrywer van gewilde radiodramas soos *Herberg vir 'n Vlugteling* en die trefferfilm, *Ballade vir 'n Enkeling*, sê dit sal moeilik wees vir radiodramas om met programme op televisie of die Internet mee te ding. "Jan Alleman het soveel visuele stimulasie dat ek nie dink klank sal hulle betrek nie. Jy werk met die radiodrama net in klank, dus moet jy klankprentjies skryf en skep sodat die luisteraars dit kan sién," sê Van Nierop.

4 Margot Luyt, die bekroonde radiodramaregisseur, stem saam: "Die regisseur moet 'n produk skep wat in die gedagte van die luisteraar gestalte kry, daarom staan 'n radiodrama bekend as die teater van die gedagte. Vir die gebrek aan visuele stimulasie gebruik regisseurs klank om omgewings te beskryf en atmosfeer te skep. Klanke is dus die kwashale waarmee dié skildery gemaak word. Myns insiens is dit 'n betowerende situasie."

5 Dit is te verstane dat Luyt tekste wat vir radiodramas geskryf word, 'n "opwindende uitdaging" noem. In radio word elke teks vir 'n blinde gehoor geskryf en moet die luisteraar se belangstelling vasgevang en enduit behou word. Sy is oortuig daarvan dat hierdie blinde gehoor <u>álle</u> ouderdomme as luisteraars insluit. Gevolglik word skrywers aangeraai om so 'n wye gehoor moontlik in gedagte te hou wanneer hulle tekste skryf.

Kopiereg voorbehou

6 Volgens Van Nierop word radiodramas hoofsaaklik deur ouer luisteraars en motoriste waardeer. Hy sê dat luisteraarsgetalle die afgelope dekade afgeneem het. "Dalk omdat dié medium nie meer teen ander mediums soos televisie kan kompeteer nie en skrywers nie meer daarin spesialiseer om vir die radio te skryf nie."

7 Margot Luyt verskil. Sy meld dat RSG die toename in luisteraarsgetalle wat wissel van 100 000 tot 150 000 per radioverhaal – "vir 'n medium wat op sy sterfbed lê" – as belowend beskou. Die verskyning van televisie hét 'n groot invloed op luisteraarsgetalle, maar Luyt glo vas dié statistiek bewys dat luisteraarsgetalle toeneem. Volgens haar word hierdie toename toegeskryf aan onder andere die feit dat heelwat bekende name in die televisie-en-teater-wêreld ook by die radiowêreld betrokke raak. Die akteur en radiodrama-skrywer, Christo Davids, doen gereeld stemwerk vir dramas op RSG. "Ek is baie opgewonde oor die belangstelling by akteurs," sê Luyt.

8 Alhoewel daar wye belangstelling by akteurs is, is daar 'n vraag na skrywers. "Ons wil graag baie meer tekste van voornemende én gevestigde skrywers ontvang," sê Luyt. Die RSG/Sanlam-dramaskryfkompetisie (wat vanjaar vir die twintigste keer aangebied word) is juis ingestel om skrywers aan te moedig om radiodramas te skryf – iets waarin goed geslaag word omdat jonger skrywers toenemend deelneem.

9 Die handleiding van dié kompetisie sê die "basiese toerusting" waaroor skrywers wat deelneem moet beskik, is die vermoë om te kan skryf, 'n fyn waarnemingsvermoë en goeie beheer oor die taal. Kwaliteitwerk moet daarin slaag om by die aanvang van die radiodrama die luisteraar se aandag te gryp en dit enduit te behou. Van Nierop se wenk is dat die tempo "vinnig" moet wees. "'n Uitstekende teks, 'n begrip vir die radio en knap akteurs verseker beslis sukses."


10 Volgens Luyt is Chris Barnard se *Blindemol* 'n voorbeeld van 'n uitstekende en suksesvolle radiodrama. Verhoogdramas soos *Mis* en *Krismis van Map Jacobs* is reeds suksesvol as radiodramas aangebied en uitsendings daarvan word met groot sukses in skole gebruik, terwyl 'n radiovervolgverhaal soos *Ratels,* wat tans uitgesaai word, tieners as teikengehoor het in die hoop dat belangstelling in die radio as medium steeds sal toeneem.

11 "Dit is my doel om mense weer van die radiodrama bewus te maak. Daar is ongetwyfeld 'n toekoms vir die radiodrama, as dit van my afhang," sê Luyt. Hoewel Leon van Nierop steeds skepties is, glo hy dat radiodramas steeds 'n plekkie in die son het. "Teater van die gedagte se liefhebbers wil radiodramas se voortgang hoor – nie sy swanesang nie!"

* swanesang: *s.nw. [gew. ekv.]* **1** sang wat 'n swaan volgens die volksgeloof kort voor sy dood sing. **2** laaste komposisie/gedig van 'n komponis/digter voor sy/haar dood; laaste werk/optrede van iemand van aansien. (*HAT 6*, 2015)

[Aangepas uit http://academic.sun.ac.za/journalism]

## TEKS B: VISUELE TEKS




[Aangepas uit *Beeld,* 4 Maart 2014]

## VRAE: TEKS A

1.1 Herlees die opskrif en die gekursiveerde lokparagraaf.

1.1.1 Waarna verwys "teater van die gedagte" in die opskrif? (1)

1.1.2 Noem TWEE uitvindings wat die "teater van die gedagte" negatief beïnvloed het en haal EEN woord aan wat dié negatiewe invloed aandui. (3)

1.1.3 Hoekom is die gebruik van die woorde in die parentese gepas? (1)

1.2 In paragraaf 2 is dit duidelik dat die eise wat die radio en televisie aan die gehoor stel, verskil.

Noem hierdie verskille. (2)

1.3 Watter feit gebruik die skrywer om jou daarvan te oortuig dat Margot Luyt 'n kenner op die gebied van radiodramas is? (1)

1.4 Herlees paragraaf 3–5.

1.4.1 Wat is die ooreenkomste in Luyt en Van Nierop se menings? Hoe ondersteun hierdie menings die opskrif van die teks? (3)

1.4.2 Dink jy die gebruik van die woord "blinde" (ten opsigte van "gehoor") in paragraaf 5 is gepas? Motiveer jou antwoord. (1)

1.5 Die beklemtoning van Luyt se onderstreepte woord (in paragraaf 5) is in die konteks van die teks betekenisvol.

Motiveer hierdie stelling. (1)

1.6 Watter aanname maak Van Nierop met sy eerste sin in paragraaf 6 oor die teikengehoor van radioverhale? Is Van Nierop se aanname gebaseer op feite? Motiveer jou antwoord. (2)

1.7 Noem TWEE aspekte waaruit suksesvolle radioskrywers se "basiese toerusting" bestaan. (2)

1.8 Aan watter vereistes sal 'n uitstekende radiodrama, soos *Blindemol*, voldoen? (4)

1.9 Wat beteken die opskrif van die leesstuk? Bied paragraaf 10–11 genoeg inligting om die opskrif te weerspreek? Motiveer jou antwoord. (3)

**VRAE: TEKS B**

1.10 Met watter visuele aanduidings bevestig die spotprent die vrou se woorde (spraakborrel 1)? (2)

1.11 Watter frase in TEKS B bevestig die woorde wat op die televisie verskyn? (1)

**VRAE: TEKS A EN B**

1.12 Watter woord in paragraaf 2 van TEKS A ondersteun die voorstelling van die mense in TEKS B die beste? Is dié voorstelling in TEKS B geloofwaardig? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

1.13 Dink jy Leon van Nierop se skeptisisme word deur TEKS B bewys? Motiveer jou antwoord. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **SEWE verskillende menings oor 'n brugjaar**.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
2. Jou paragraaf moet samehangend geskryf word.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

**TEKS C**

**'N BRUGJAAR: DIT BLY JOU KEUSE**

Matrieks begin stadigaan kopkrap oor wat vir hulle voorlê ná die laaste skoolklok gelui het. 'n Brug- of gapingsjaar is een van die opsies, maar daar is soveel menings as wat daar mense is.

Cindy Roelofse sê dat sy dadelik gaan werk het, al was dit vir 'n klein salaris. Jy moet eerder iets met jou lewe doen, al lewer jy pizzas af, want volgens haar is 'n brugjaar niks meer as 'n "luiword"-jaar nie! In die huidige ekonomiese klimaat is dit belangrik om so gou as wat jy kan finansieel onafhanklik te raak, want in 'n brugjaar leer kinders net mooi niks nie. Daarom word 'n brugjaar deur sommige ouers as 'n blote mors van geld gesien.

'n Brugjaar wat kinders help om – weg van hul ouers – op hulle eie voete te staan, dwing hulle tot selfstandigheid. Baie jong mense gaan nie oorsee nie, maar woon en werk weg van hul ouers. Annemie Bester was op 18 alleen in die stad en moes leer om vir haarself te sorg. Danie Rossouw is oortuig dat so 'n jaar 'n ideale geleentheid bied om selfstandig te leef.

Die ouer ouers vergelyk hulle jeugjare met vandag omdat baie van hulle ouers bloot nie die geld gehad het om vir kinders 'n brugjaar te bied nie. So 'n jaar was vir hulle 'n mors van tyd – 'n luukse wat in daardie tyd ongetwyfeld buite die kwessie was. As jy wou oorleef, moes jy die tyd uitkoop en onmiddellik gaan werk.

Tim White meen dat 'n brugjaar wat jy in die buiteland deurbring, die geleentheid bied om nuwe mense te ontmoet. "Dit is dikwels die mense wat 'n plek ongelooflik maak." Hierdie Australiër het sy brugjaar in Suid-Afrika deurgebring en hy kon nie uitgepraat raak oor al die mense wat hy in sy omswerwinge ontmoet het nie. 'n Brugjaar kan ook die beste belegging vir jou kind wees, mits hy/sy by 'n organisasie se postmatriekjaar ingeskryf en besig gehou word met opbouende, verrykende kursusse en aktiwiteite. Beslis nie 'n luiword- of geldmorsjaar nie.

Waag die kans en neem 'n brugjaar … of nie, dit bly jou keuse.

[Verwerk uit http://www.netwerk24.com/Nuus en http://www.netwerk24.com/Ontspan]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**

My stories begin as letters

My pen is my wonderland
Word water in my hand
In my pen is wonderink
Stories sing. Stories sink.

My stories loop. My stories stop.
My pen is my wondermop.
Drink letters. Drink my ink.
My pen is blind. My stories blink.

Net vier uit elke honderd mense wardeur
dat bg. ook in Engels gelees kan word.

Gee jou kind die beste van die Suid-Afrikaanse wêreld
Bryanston Parallelmedium

[Verwerk uit print-ads-by-joe-public-ignite-for-bryanston-parallel-medium-school/]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Benoem die onderstreepte klank in reël 1. (1)

3.2 Herskryf reël 4 in die aanvoegende wyse. (1)

3.3 Dui die beklemtoonde lettergreep van die onderstreepte woord in reël 6 met behulp van die korrekte klemteken aan. (1)

3.4 Gee die korrekte vorm van die teenwoordige (onvoltooide) deelwoord tussen hakies:

Al (sing) loop ek met my pen in my wonderland. (1)

3.5 Brei die sin in reël 7 uit om 'n veelvoudige sin te vorm. (1)

3.6 Verbeter die spelfout wat in reël 6–11 voorkom. (1)

3.7 Waarvoor staan die afkorting in reël 11? (1)


3.8 Watter TWEE opeenvolgende woorde in reël 10–13 wil die leser die beste manipuleer? (1)

3.9 Waarin lê die geslaagdheid van die advertensie? (2)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENTE**

Bestudeer TEKS E en F hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Verwerk uit www.huisgenoot.com]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Verdeel "kommissarisse" (spraakborrel 1) in klankgrepe. (1)

4.2 Gebruik die homoniem van die onderstreepte woord in spraakborrel 1 in 'n verklarende sin. (1)

4.3 Dink jy die vrou se verbasing in RAAMPIE 2 word effektief aangetoon? Motiveer jou antwoord. (1)

4.4 Gebruik die vetgedrukte woord in spraakborrel 3 as 'n bywoord van wyse in 'n sin. (1)

4.5 Wat het aanleiding gegee tot die gesprek in spraakborrel 3? (1)

**EN**

**TEKS F**




[Verwerk uit http://www.volksblad.co.za]

**VRAE: TEKS F**

4.6 Gee die denotatiewe betekenis van die onderstreepte woorde in spraakborrel 1. (1)

4.7 Gee die funksie van die aanhalingstekens in spraakborrel 3. (1)

4.8 Herlees die onderstreepte woorde in spraakborrel 7.

Gee 'n rede waarom hierdie woorde 'n mening is. (1)

4.9 Hoe ondersteun die woorde in spraakborrel 11 die moontlike stereotipering van rugbyspelers? (1)

4.10 Gebruik die onderstreepte deeltjiewerkwoord (skeibare werkwoord) in spraakborrel 12 geskei in 'n sin van jou eie. (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Bestudeer TEKS G hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS G**

**MICHELLE SÊ ...**

1 Ons sien hoe ouers, kinders en grootouers se wêrelde ál meer oorvleuel. Ons staan heerlik verstom oor ma's en dogters wat stylvol eenders lyk, byna soos susters – dieselfde klere, dieselfde hare, dieselfde lyf. Daar word selfs pa's opgemerk wat so fiks, energiek en "hip" soos hul seuns is.

2 Kunstenaars soos Lady Gaga, Katy Perry, Justin Bieber en "boy bands" soos onder andere One Direction is net so bekend onder ouer generasies as jongmense. Vir Baby Boomer- en Generasie X-ouers, veral, is oud lyk en oud word net nie op die agenda nie. Hulle is oorgehaal om by te bly. Dit geld ook vir die grootouers in ons malkleurryke wêreld. Ouma en Oupa Skype en WhatsApp en is Facebook-vaardig, nes hul kleinkinders.

3 En almal prááát. Die digitale wêreld help nuwe bande tussen generasies smee – hulle weet van (5.6) mekaar se wêrelde en hulle deel daarin. Ons waag en (5.7) (kommunikasie) in gesinne en tussen generasies. Deur die bank is kommunikasie beter as ooit tevore. Ouers sê: "Ons geniet dit om ons kinders se (5.9) **lewens** te deel; hulle is interessant, snaaks, ingelig en weet wat om hulle aan die gebeur is. Ons wíl tyd saam met hulle deurbring." Kinders sê: "My ma en pa is super-cool."

4 'n Generasiegaping? Nee! 'n Gaping wat al hoe kleiner word, omdat ouderdom net 'n syfer is.

[Aangepas uit *Sarie*, November 2015]

**VRAE: TEKS G**

5.1 Watter soort werkwoord is "lyk" in paragraaf 1? (1)

5.2 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 1 in die bedrywende vorm. (1)

5.3 Brei die onderstreepte sin in paragraaf 2 deur middel van 'n byvoeglike bysin uit. Skryf die hele sin uit en onderstreep die bysin. (1)

5.4 Herskryf die onderstreepte sin van paragraaf 3 in die ontkennende vorm. (1)

5.5 Wat is die funksie van die agtervoegsel in "digitale" (paragraaf 3)? (1)

5.6 Benoem die onderstreepte voornaamwoord in paragraaf 3. (1)

5.7 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies in paragraaf 3. (1)

5.8 Identifiseer opeenvolgende woorde in paragraaf 3 wat op veralgemening dui. (1)

5.9 Vorm 'n samestellende afleiding van die vetgedrukte woord in paragraaf 3 wat binne die konteks sal pas. (1)

5.10 Hoekom gebruik die joernalis die kommapunt in paragraaf 3? (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## NOVEMBER 2016

## MEMORANDUM

**PUNTE: 70**

**Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.

**VRAAG 1** ***(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)***

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1.1 | (Na) radiodrama(s)/radioteater √ | 1 |
| 1.1.2 | Die TV/televisie/kykkassie √<br>en die Internet √<br><br>“’knou” √ | <br>2<br><br>1 |
| 1.1.3 | Die vaardigheid om na radiodramas te luister, word beklemtoon./<br>Dit sluit aan by radiodramas omdat mense daarna luister./<br>Radiodramas maak aanspraak op luisteraars se luistervermoë./<br>Die navorser het aktief geluister na wat die mense oor radiodramas sê./<br>Dit beklemtoon die wyse van navorsing. √ | 1 |
| 1.2 | Radioverhale vereis luistervaardighede, maar TV vereis kykvaardighede.<br>In radiodramas kan mense self besluit hoe die karakters lyk./kan onsigbare karakters mense se verbeelding prikkel terwyl TV se regisseurs/sepievervaardigers die karakters se voorkomste vir die gehoor bepaal.<br>In radiodramas kan mense self besluit hoe die omgewing lyk terwyl TV se regisseurs/sepievervaardigers die omgewing vir die gehoor bepaal. √√<br><br>*Die kandidaat moet albei kante van die een verskil noem vir EEN punt.*<br>*Die kandidaat bied enige TWEE verskille vir die TWEE punte aan.* | 2 |
| 1.3 | Sy is ’n *bekroonde* radiodramaregisseur./<br>Sy het al toekennings vir haar werk gekry./<br>As regisseur beskik sy oor outoriteit.√ | 1 |
| 1.4.1 | Albei dui aan dat klank baie belangrik is. √<br>Albei verwys na die rol van die luisteraar wat in sy/haar verbeelding die produk/karakter/gebeure/omgewing moet kan herskep.<br>Die visuele word nie in radio aan die luisteraar aangebied nie terwyl die visuele wel aan die televisiekyker aangebied word. √<br><br>Van Nierop en Luyt beklemtoon dat verbeelding/die rol van klank/die bydrae van klank en verbeelding die “teater” in die luisteraar se “gedagtes” lewe gee. √ | 2<br><br>1 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.4.2 | Ja<br>Die gehoor kan net soos 'n blinde nie die drama sien nie./maak op klanke/ verbeelding staat om prentjies te skep. √ | 1 |
| 1.5 | Dit beklemtoon dat radio nie 'n geselekteerde/eksklusiewe gehoor het nie./<br>Dit weerspreek Van Nierop se mening in paragraaf 6./oor ouer mense en motoriste./<br>Dit beklemtoon dat sy jonk en oud/almal/mense van alle ouderdomme as luisteraars insluit. √<br><br>*Die kandidaat kan nie net die sin in die teks parafraseer nie, maar moet 'n motivering insluit.* | 1 |
| 1.6 | (Die meeste) jongmense luister nie na radiodramas nie./<br>Mense luister hoofsaaklik na radiodramas in motors./<br>Hoofsaaklik ouer mense luister/waardeer radiodramas. √<br><br>Nee<br>Daar is nie bewyse van navorsing nie./<br>Van Nierop gee sy eie mening./gebruik nie feite/syfers nie./<br>Van Nierop se woordgebruik/gebruik van "dalk"/"hoofsaaklik" dui op 'n mening wat hy uitspreek.<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Van Nierop is 'n kundige./weet waarvan hy praat. √ | 1<br><br>1 |
| 1.7 | Die vermoë om te kan skryf/<br>'n Fyn waarnemingsvermoë/<br>Goeie beheer oor die taal waarin geskryf word √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde aan vir EEN punt elk.* | 2 |
| 1.8 | Die radiodrama/-verhaal/Dit sal die luisteraar se aandag gryp./<br>Die radiodrama/-verhaal/Dit sal die aandag enduit behou./<br>Die tempo sal vinnig wees./<br>Die teks sal uitstekend wees./<br>Die dramaturg sal 'n begrip vir radio/-dramas hê./<br>Knap akteurs sal gebruik word. √√√√<br><br>*Die kandidaat bied enige VIER antwoorde aan vir EEN punt elk.* | 4 |
| 1.9 | Die vraag word gevra of radiodramas se einde aangebreek het./<br>Daar word gewonder/bestaan twyfel of radiodramas se einde aangebreek het. √<br><br>*Enige soortgelyke formulering kan oorweeg word.*<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Ouer dramas, (bv. *Mis* en *Krismis van Map Jacobs*,) word steeds met sukses as radiodramas aangebied./gebruik./behandel./opgevoer./<br>Radioverhale (soos *Ratels*) word uitgesaai om tieners se belangstelling in die radio as medium te prikkel./<br>Mense soos Margot Luyt maak dit haar doel om mense opnuut van radiodramas bewus te maak./<br>Skeptici soos Van Nierop glo dat radiodramas steeds 'n plekkie in die son verdien. √√<br><br>*Die kandidaat bied enige TWEE antwoorde aan vir EEN punt elk.* | 1<br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.10 | Die boer is besig om die TV in te stel./<br>Die boer/sy werker/Pieta/almal maak gereed om TV te kyk./<br>Die ander mense sit./<br>Pieta/Hy sit met ’n tablet op sy skoot./<br>Die werker lees die koerant./<br>Die woorde op die skerm bevestig die vrou se woorde. √√<br><br>*Die kandidaat bied **enige** TWEE antwoorde aan vir EEN punt elk.* | 2 |
| 1.11 | “(Suid-Afrikaners in ’n) verlammende wurggreep”/<br>“boer voor die kykkassie” √ | 1 |
| 1.12 | “verslaafdes”/“stilstand” √<br><br>Nee<br>Nie alle mense sit voor die TV om werklikheidsprogramme/interessante/sensasionele sake te volg nie./<br>Dis onaanvaarbaar dat almal so behep met sensasie is oor ander mense/sterre se doen en late./<br>Spotprente oordryf die situasie t.w.v. die satiriese inslag daarvan./<br>Boere werk gewoonlik baie hard om ’n bestaan te voer. √<br><br>**OF**<br><br>Ja<br>Baie mense mis nie hulle sepies/inligting oor sterre/gunstelingprogramme/sensasie/hofsake/werklikheidsprogramme nie. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke motivering aan.* | 1<br><br>1 |
| 1.13 | Ja<br>Almal op die plaas kyk **eerder** TV as om na die radio wat beskikbaar is, te luister.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>In die spotprent gaan dit nie oor ’n radiodrama nie, maar oor **aktuele sake.** √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke motivering aan.* | 1 |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

**Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs menings wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot aan die einde van die sin waarin die 90 woorde voorkom en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste menings bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

***'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:***

'n Brugjaar is, volgens sommige mense, 'n luiwordjaar. Ander meen dat kinders niks gedurende 'n brugjaar leer nie – dit is, gevolglik, 'n blote mors van geld. Hoewel kinders beslis selfstandigheid leer sodat hulle hul eie potjie kan krap, is daar volwassenes wat in die verlede gedink het dat kinders hulle tyd met 'n brugjaar mors. Aan die anderkant, om nuwe mense te ontmoet, kan 'n lekker bonus wees. Indien jongmense verryk word met behulp van kursusse en aktiwiteite belê ouers beslis in hulle toekoms.

**Getal woorde: 83**

**OF**

| AANHALING UIT TEKS | | MOONTLIKE BEWOORDING | |
|---|---|---|---|
| 1 | *Cindy Roelofse sê dat … 'n* brugjaar *niks meer as* ***'n "luiword"-jaar*** *is nie!* | A | 'n Brugjaar is, volgens sommige mense, 'n luiwordjaar. |
| 2 | *… want in 'n brugjaar leer* ***kinders net mooi niks*** *nie.* | B | Gedurende 'n brugjaar leer kinders niks nie. |
| 3 | *Daarom word 'n brugjaar deur sommige ouers as* ***'n blote mors van geld*** *gesien …* | C | Daar word gevoel dat 'n brugjaar 'n blote mors van geld is. |
| 4 | *… 'n ideale geleentheid bied om* ***selfstandig*** *van jou ouers te leef.* | D | Kinders leer selfstandigheid. |
| 5 | *'n* brugjaar *was vir hulle* ***'n mors van tyd*** *…* | E | Volwassenes het soms in die verlede gedink dat kinders hulle tyd met 'n brugjaar mors. |
| 6 | *Tim White is van mening dat 'n* brugjaar *wat jy in die buiteland deurbring, jou die* ***geleentheid bied om nuwe mense te ontmoet****.* | F | Om nuwe mense te ontmoet, is 'n lekker bonus. |
| 7 | *... kan ook* ***die beste belegging vir jou kind wees****, mits hy/sy ... met opbouende, verrykende kursusse en aktiwiteite ...* | G | Verrykende kursusse en aktiwiteite kan ook 'n wonderlike belegging in kinders se toekoms wees! |
| | | | **Getal woorde:72** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - o Eenwoord-antwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - o In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
  - o Waar ’n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Vokaal/klinker √ | 1 |
| 3.2 | In my pen sal/kan/mag (dalk/moontlik/waarskynlik) wonderink wees./<br>Mag daar (tog) wonderink in my pen wees!/<br>Was daar (tog) wonderink in my pen!/<br>Kan daar (tog) wonderink in my pen wees!/<br>Kon daar (tog) wonderink in my pen gewees het! √<br><br>*Die kandidaat bied ’n sin aan wat op ’n moontlikheid dui.*<br>*Die uitroepteken is opsioneel.* | 1 |
| 3.3 | stóries/stó-ries/stó √<br><br>*Die klemteken moet ’n akuut wees.* | 1 |
| 3.4 | singend/singende √ | 1 |
| 3.5 | My pen is my wondermop en ek skryf goeie stories daarmee. √<br><br>*Die kandidaat vorm ’n soortgelyke veelvoudige sin van sy/haar eie m.b.v. die volgende voegwoorde* ***en, maar, want, of, dog.*** *Die voegwoord kan ook met ’n kommapunt vervang word.* | 1 |
| 3.6 | waardeer √<br><br>*Die spelling moet korrek wees.* | 1 |
| 3.7 | bogenoemde √<br><br>*Die spelling moet korrek wees.* | 1 |
| 3.8 | die beste √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.9 | Al die woorde in die eerste deel van die advertensie kan in Afrikaans of Engels gelees word om aan te sluit by die tweetaligheidsonderrig wat geadverteer word.<br>Die fokus in hierdie advertensie is op *die woord*/*taal* wat die parellelmediumstatus van die skool ondersteun./die verskillende tale van die skool beklemtoon./ondersteun.<br>Daar word treffend met *woorde* gespeel.<br>Die advertensie is in 'n gedigvorm geskryf./het rymende woorde. √√<br><br>*Die kandidaat bied sy/haar eie TWEE geskikte antwoorde binne konteks aan vir EEN punt elk.* | 2 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Ko-mi-sa-ri-se √ | 1 |
| 4.2 | Die kind vier Kersfees/sy/haar verjaarsdag by sy/haar ouma op die plaas. √<br>Die kind het Kersfees by sy/haar ouma op die plaas gevier.<br><br>*Die kandidaat bied sy eie verklarende sin met* ***vier*** *aan.* | 1 |
| 4.3 | Ja<br>Die kunstenaar gebruik die tussenwerpsel *Sjoe!*/'n uitroepteken./<br>Die tussenwerpsel ondersteun die visuele./verbeelding.<br>Haar mond is oop./Haar ogies lyk of dit uitpeul. √<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Haar mond is nie groot genoeg oop nie./<br>Haar gesigsuitdrukking is nie duidelik genoeg nie. √<br><br>*Die kandidaat bied EEN eie geskikte motivering vir EEN punt aan.* | 1 |
| 4.4 | Die seun loop lui na sy klas toe. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin aan waar* ***lui*** *as 'n bywoord van wyse gebruik word.* | 1 |
| 4.5 | Die motoris/bestuurder het te vinnig gery. √<br><br>*Die antwoord moet oor 'n verkeersoortreding handel.* | 1 |
| 4.6 | Wanneer iemand met sy lyf by die venster uithang.√<br><br>*Die kandidaat bied die denotatiewe betekenis van "uithang" vir EEN punt aan. Die kandidaat mag die antwoord in 'n sin aanbied. Die betekenis moet "uithang"/"hang uit" wees.* | 1 |
| 4.7 | Die aanhalingstekens toon aan dat dit 'n direkte aanhaling uit die brief is. √ | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.8 | John is nie noodwendig niks/’n zero omdat hy nie ’n kontrak aangebied is/steroïedes gebruik het nie./<br>Daar is geen bewyse dat iemand oor die saak navorsing gedoen het nie./<br>Die mening is gebaseer op gevoelens./emosies. √<br><br>*Indien die kandidaat die volgende as antwoord aanbied: “Dit is ’n subjektiewe mening./opinie” is die antwoord nie korrek nie.* | 1 |
| 4.9 | Rugbyspelers word uitgebeeld asof hulle nie in die akademie belangstel/presteer nie. √<br><br>*Indien die kandidaat die woorde uit die teks aanhaal: “... ons hou nie van leer nie” is die antwoord nie korrek nie.* | 1 |
| 4.10 | Byt tog net vas, die eksamen is amper verby./<br>Die hond het so vasgebyt aan die inbreker dat hy nie kon wegkom nie./<br>Om vas te byt, is aanvaarbaar. √<br><br>*Die kandidaat bied ’n soortgelyke sin van sy eie aan.* | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | koppelwerkwoord √ | 1 |
| 5.2 | Ons/Hulle/Michelle/Die mense merk pa’s op wat so fiks, energiek en “hip” (is) soos hul seuns is. √ | 1 |
| 5.3 | Hulle, <u>wat ouer is</u>, is oorgehaal om by te bly./<br>Hulle, <u>van wie ons baie hou</u>, is oorgehaal om by te bly. √<br><br>*Die kandidaat brei **Hulle** uit met ’n gepaste byvoeglike bysin.*<br>*Indien die bysin nie onderstreep is nie, moet die punt toegeken word mits die bysin korrek is.* | 1 |
| 5.4 | (En) niemand práát nie./<br>(En) nie almal práát nie./<br>(En) geeneen práát nie. √ | 1 |
| 5.5 | Dui die verbuiging (van die attributiewe byvoeglike naamwoord) aan./<br>Dui aan dat dit ’n (attributiewe) byvoeglike naamwoord is. √ | 1 |
| 5.6 | Wederkerige voornaamwoord √ | 1 |
| 5.7 | kommunikeer √<br><br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 5.8 | Deur die bank/Almal praat √ | 1 |

Kopiereg voorbehou

| | | |
|---|---|---|
| 5.9 | Lewensvreugde(s)/lewenswyse(s)/lewenspaaie/lewensuitdagings/lewenswaardes/ lewensienings/tienerlewens/lewensbeskouing/lewenservaring √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie soortgelyke samestellende afleiding, wat binne konteks pas, as antwoord aan.*<br>*Die woord moet korrek gespel word.* | 1 |
| 5.10 | Die kommapunte staan in die plek van 'n voegwoord./<br>Die hoofgedagte word na die kommapunt uitgebrei./<br>Die kommapunt skei twee gedagtes oor dieselfde onderwerp./<br>Die kommapunt dui aan hoe dele van die sin met mekaar verband hou./<br>Die kommapunt dui op 'n langer ruspouse. √ | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou